**G**iving the children a chance, and the equipment, to learn valuable life skills is one of the objectives of the Paternoster Project NPC. So, when the Sewing Garage was completed in February 2020 and the first workshop held, we were all very pleased. The garage was renovated by Timon, the current long-term volunteer, Brakkie (a father of one of the programme kids), and a former short-term volunteer, Mareike Konz. The Sewing Garage is right next to the new Build-It Garage and contains five new sewing machines, that were sponsored by Caro Zobel’s mother (see page 5) with the space to host seven kids at a time.

The workshops began in February, offering children in Grade 4 to 7 the opportunity to learn how to sew. While this is a skill for older children, we have already had many of the younger kids saying that they cannot wait until it is their turn. Our plan is for one of the local volunteers to take responsibility for this workshop and regularly lead it.

When you walk in, you’ll see the sewing machines set out on a big table in the middle of the garage, and all the additional materials such as cotton, thread, material, and scissors stored in the cupboards along the wall.

“During my time running the Sewing Workshop I was able to share many beautiful moments with the children. At first, they struggled to pay close attention and sit still for long periods, but that improved quickly,” said Mareike. “And they had such enthusiasm for each lesson and pride in their accomplishments.”

What was their first project? The kids made a bag; a postcard with a cotton heart on it; and a small, blue fish stuffed with cotton wool. They thoroughly enjoyed their first workshop, and we can see that sewing will be a great success for the afternoon programme.

Not only is sewing a life skill that can potentially lead to future employment, but the programme will help teach the children that they can also repair, design, and make their own clothes. This is an important lesson, especially during our current economic and environmentally-stressed times; we need to live sustainably, instead of constantly buying new things.

And, perhaps we will see some future fashion designers emerge from these workshops too... **PP**





## A very merry Valentine's

**V**alentine's Day was celebrated with gusto here at Hoopsig. On the 14th of February, Alviro Kearns (Grade 9), organised a fun 'day of love' for the children. They were all invited and asked to dress in red, they were treated to a modelling show and lots of tasty food.

Alviro started with the Hoopsig afternoon programme in October 2016 and has always been passionate about being involved. At the beginning of last year, he went off to Vredenburg to attend high school - but, luckily, his involvement with the Project didn't end there. "I still wanted to be a part of the life skills programme at Hoopsig, even though I was in High School now," he said. It was then decided to hand over more responsibility to him, and he was announced as the first Junior Volunteer in March last year.

Alviro supports the afternoon workshops - dancing and board games are his favourite - and he helps wherever he is needed, often with the lunch duties too. Alviro spent a lot of effort on the Valentine's Day event and it was a great success. The volunteers had a lot of fun, but the kids had more! This will have to become a regular event. **PP**



## DONATION NEEDED

**The Build-It Workshop currently needs 10 cordless screwdrivers for the children, it would make a world of difference to their upcoming projects. Get in touch with us if you are able to donate!**



## A work in progress

**A**n exciting development at Hoopsig is the additional garage that is being renovated for afternoon workshops, it is going to be used for the Build-It Workshop. Unfortunately, with the unplanned and urgent departure of all volunteers, due to the Coronavirus, the Build-it Garage is not yet finished.

The Build-It Garage will contain a 10-metre long working table (which Timon Schatz built himself), several cupboards, and a storage place for wood and other building materials.

The table is complete, but the lights, electricity, and Build-It tools are still needed.

The idea of the Build-It Workshops is for children to have the opportunity to learn how to build and renovate small things. The garage is large enough for 10 children, with sufficient space for their own tables and projects; and they will learn basic competences such as working with a cordless drill or using a saw.

These are important skills to learn for their own lives and, possibly, their professional futures. Perhaps, if some of the children are interested, it could even lead to employment in the local construction companies (like Anker Builders or Paternoster Forge - whose managers are also very committed to the Paternoster Project NPC).

The Build-It Workshop was already running as part of the afternoon programme but, with this new space, hopefully the range of what can be taught will be extended. **PP**



## Workshops on display

**I**n our experience, children love to show their parents and teachers what they can do. It's not that they want to show off, but they want their loved ones to be proud of their accomplishments. It's something we all want, isn't it? So, we decided to host a Hoopsig Kids' House Open Day, where the children's parents and relatives could have a chance to see what the children get up to at Hoopsig everyday.

The first open day took place on the 14th of March, at Hoopsig. It aimed to showcase the afternoon programme and all the workshops that we have on offer for the children in the afternoons.

We sent out about 90 invitations to parents in Kliprug and Hopland, where almost all the kids are living, and had 50 children and 10 parents attend. We were hoping for a better response, but hopefully next time more parents will be able to attend.

On the day, we showed off the different workshops: dancing, creative work and upcycling, yoga, basketball, drawing, sewing, and more. The children had the chance to take their parents to the specific rooms where the workshops are held, in order to demonstrate what happens at each of these programmes through a short, prepared presentation.

The highlight of the event was a big dance presentation by the dancing group, taught by Franziska Broschek. The performance was prepared for South African Library Week, which was to take place later in the week. **PP**

**“ The highlight of the event was a big dance presentation - that was prepared for South African Library Week - by the dancing group, taught by Franziska Broschek.”**







## Enjoying good food together

**T**his past term's Volunteer and Crèche Teacher Dinner, which is hosted every term, was organised by the teachers on the 11th of March. The traditional South African dishes served included snoek, crayfish, and pudding. Most of it was made on, you guessed it, the braai!

It's said that sharing food together is a way to strengthen relationships and bring about respect for one another - especially between different cultures. Well, we've been doing this at the Paternoster Project NPC for a while now and believe it to be true. It's also a fun, relaxing way to enjoy each others' company and strengthen our team dynamic. Yes, savouring good food together is about more than just filling our stomachs!

After the food was finished, the teachers and volunteers enjoyed a nice 'kuier' (visit) together, with an added special touch... The teachers brought with them traditional Xhosa clothes and make-up for all the women - teachers and volunteers - to wear. What fun!

Next time, it will be a German dinner hosted by the volunteers. We look forward to hearing about what meal was cooked! **PP**



**“The traditional South African dishes served included snoek, crayfish, and pudding. Most of it was made on, you guessed it, the braai! ”**

## Afrikaans from heart to heart

BY JOAN KRUGER

**N**elson Mandela famously said that if you talk to people in a language they understand, it goes to their head. If you speak to them in their own language, it goes to their heart.

Working with Paternoster's little ones who cannot yet speak English and interacting with older people in the village, the German volunteers quickly saw the need to learn Afrikaans. And they applied themselves to it with gusto.

Initially, I only taught the long-term volunteers but Timon Shatz, already quite fluent, decided that every volunteer should learn it too. And so the weekly Afrikaans tutorials started at the beginning of this year. Esmerelda Coraizin took some volunteers under her wing and the rest gathered around our dining-room table.

The children were good in giving the volunteers the 'total immersion' experience. Soon the village became a little language laboratory, and within weeks the German volunteers could make themselves understood in Afrikaans. How the locals



admired and respected them for that!

I treasured our weekly tutorials – and seeing the agile minds of Sarah Mohr, Shpresa Kelmendi, and Franziska Broschek at work this past term was a special privilege. But I was speechless when they, upon leaving South Africa, presented me with a beautiful handwritten book, a German translation they made in secret of *Die Singende Klip* (*The Singing Stone*), a magical folk-tale we had just started reading. You can bet it made my heart sing as well! **PP**

## Coming home

**L** Lydia Krüger was a Paternoster Project volunteer from April to June 2019. On the 6th of March, she returned to Paternoster for a three-day visit and she didn't realise how much it would feel like returning home. We chatted to Lydia about her short visit.

### Why did you come back?

I love the country so much that I wanted to return to visit the children at the Paternoster Project NPC, and the volunteers of course.

### How did it feel to return?

I couldn't believe it. The drive between Vredenburg and Paternoster felt like driving home from going grocery shopping. But, although the town looked just as beautiful, it did all feel slightly different.

### Where did you go first?

On Friday I went straight to Hoopsig, to the afternoon workshop time and, while walking there, some of the children even recognised me and called my name.

### That must have felt special.

Yes, it did. It made me really happy to see them, especially that they were happy to see me again too.



### What was it like to be back at Hoopsig?

You're never alone when you're at Hoopsig, there is always a child sitting on your lap and talking to you. The children told me that they were missing the music workshop that I used to run. It made me very happy to know that they had enjoyed it so much, but on the other hand I felt quite sad that it's not on the schedule this term.

### What else did you get up to?

On the Sunday, I visited a local family at their house. I wanted to see their baby that was born after I left Paternoster last year. They were so surprised to see me back in Paternoster - and that I came to their home to visit them. We went out for coffee and chatted about our times together.

And then I went and spent some time with the volunteers at the Volunteer House, on Sunday evening. We mainly chatted about our different, and similar, experiences volunteering for the Paternoster Project NPC.

### What's one of the hardest things about being a volunteer?

I think it's difficult to know if the things you are doing, or if you yourself, are making a difference in the children's lives. If the effort you put into the Project is having an impact on the kids or not. So, coming back and talking to the children gave me a great perspective on what they remember about the time I spent with them, how their passion for their afternoon activities has grown, and what is important to them. **PP**

*Lydia is back in Germany studying primary school teaching. Although she didn't have a lot of time in Paternoster during this visit, she says it won't be the last time she visits her favourite South African fishing village. She is certainly looking forward to coming back again one day. And we can't wait!*

## WANTED: Programme Manager (m/f)

The Paternoster Project NPC is looking for a part-time Programme Manager who will coordinate the teams and activities in our Life Skills Programme, for children from Grade 1 - 7. This programme is offered every weekday afternoon in our children's house "HOOPSIG/HOPE VIEW", in the centre of Paternoster, by a team of German students and local volunteers.



The Paternoster Project NPC is a non-profit organisation founded in 2016. Its premises are located in the heart of Paternoster, where the student volunteers are housed during their stay in this fishing village on the West Coast of South Africa.

Our aim is to provide the children of Paternoster with a sound foundation for development, which will enable them to live and work successfully and sustainably in Paternoster - or wherever else they choose.

**EMPLOYMENT TYPE:** 12-month contract (renewable), part-time (25 hours weekly)

**START DATE:** 1 September 2020

### EDUCATIONAL REQUIREMENTS:

- A suitable qualification in education
- Minimum of 5 years' experience as an educator
- Experience in directing, facilitating, and coordinating a team in the implementation of projects.

**REMUNERATION:** Per subsidy base of Western Cape Department of Education.



For a detailed job description and application, go to: [www.paternosterproject.co.za/jobs](http://www.paternosterproject.co.za/jobs)



## Donations to the Paternoster Project NPC: 1 November 2019 to 23 April 2020



This money box "Kids' House", designed by Dianne Heesom-Green, sized 13 x 12 x 10 cm, is provided by the Paternoster Project NPC for restaurants, shops and hotels in Paternoster to collect money. If you require one, please contact us via the website [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).

### FINANCIAL DONATIONS

From Germany: Schatz Family, Zisler Family, Felix Mühlbauer, Dagmar Freitag, Sascha Tünnissen, David Rees, Freundeskreis unterm Fernsehturm, Wilma Büge, adquarter GmbH, EARSANDEYES GmbH, Prof. Lars Uwe Bleyer, Gruen+Koeder GmbH, Jörg Saabel.

From South Africa: Bernard Rhodes, André Kleynhans, Sanet Langenhoven, Dave Westbrook, Marie Keller, Susan & Steve.

### FEEDING DONATION FROM OUR GERMAN VOLUNTEERS & FAMILIES

Maria Limoli, Luisa Neuburger, Linus Kleb, Anna-Maria Stotz, Shpresa Kelmendi, Caroline Arnold, Nora Nickolaus, Caro Zobel, Olga Schuschugov, Katharina Hege, Katharina Kapp, Ann-Katrin Lambert, Nicky de Villiers, Lisa Scheffer, Jan van Berg, Silke Stober, Rebecca Zschoche, Vanessa Hofheinz, Sarah Piecuch.

### LUNCH TABLES & BENCHES

Eichler family.  
(Germany)

### BOOKS

Margret & Detlef Nath  
& their community.  
Afrikaanse Taal- en  
Kultuurvereniging.

### SEWING MACHINES

Zobel family.  
(Germany)

### FEEDING FOR PATERNOSTER

Christian Neuber, Snjezana Brkic, Oliver Greune, John Gray, Zeljko Berden, Karin Schweizer, Dr. Michael Horn, Alessia Calabro, Diana Limoli, Pierre Sowak, Giuseppe Limoli, Sascha Schumacher, Birgit Meixner, Daniela Nickolaus, Sabine Ahlborn, Julius Kleb, Wolfgang Eichler, Nunzia Gioia, Michaela Meisel-Kleb, Thomas Konrad, Vanessa Hofheinz, Katja Hohl, Ulrike Eichler, Yannik Woserau, Peter Meisel, Johannes Arnold, Gabriele Herrmann, Sigrid Spieles, Lisa Wolf, Patrick Freiberg, Margot Görs, Oliver Zisler, Elena Taneva, Lena Lababida, Johannes Bayer, Monika Beck, Ramona Denis, Julian Jehle, Eric Thünemann, Esther Hoffmann, Roswitha Langer, Kirsten and Thomas Neuburger, Maria Barbanti, Lisa Spieß, Claudia Van Berg, Ulrich Zobel, Marius Häffner, Katrin Neuber, Lampe+Kollegen GmbH Steuerberatungsgesellschaft, Manfred and Ursula Sparr, Nicole Günzler, Björn Seemann, Claudia Martinez Aldana, Peer Hartog, Doris Weable, Regina Holzkämpfer, Gerda Bier, Poessnecker Ursula, Axel Poeschmann, Martin Arnegger, Nadine Hansen, Dagmar Freitag, Sigrun Kaiser, Bernhard and Christine Koch-Heintzeler, Christoph Eckert, Bernd Stotz, Michael Broschinski, Stephanie Dostal, Katharina Schmidl, Johannes and Susanne Hauenstein, Michael Broschinski, Heiderose Freiner, Barbara Luz-Neuber, Prof. Dr. Karin Vogt, Chefs from Oep ve Koep, Katharina Schmidl, Dr. Raimund Baumann, Anna-Maria Stotz, Kobus Pienaar, Annelize van Zyl, Stephanie Dostal, Anker Trust, Maria Harder.



**TO DONATE:**  
Paternoster Project NPC  
Nedbank  
Account number: 1146942400  
Universal branch code: 198765

# 4<sup>th</sup> PATERNOSTER PROJECT NPC CONFERENCE

Will take place in October 2020  
at Gelukkie, Paternoster, South Africa

*Details will follow on [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za)*



“To equip the youth of Paternoster for the future  
and to maintain the local heritage.”

PATERNOSTER PROJECT NEWS · PUBLISHER: CHRISTIAN NEUBER · EDITOR: SHANNON LATIMER · DESIGNER: ASTRID ROWE  
ENGLISH PROOFREADER: BRONWEN LATIMER · AFRIKAANS TRANSLATOR AND PROOFREADER: MARIANNE PEACOCK

**Paternoster Project NPC**  
**Nedbank**  
**Account number: 1146942400**  
**Universal branch code: 198765**

*Should you wish to contribute to the work being done with the children of Paternoster and be part of positive change, your donation of materials or money would be greatly appreciated. Please find more information about what is needed at [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate).*



# PATERNOSTER PROJECT NUUS

UITGAWE NO. 6

MEI 2020



DIE AMPTELIKE  
NUUSBRIEF VAN DIE  
PATERNOSTER PROJECT NPC

Om die jeug van Paternoster  
toe te rus vir die toekoms en om die  
plaaslike erfenis te bewaar.

[WWW.PATERNOSTERPROJECT.CO.ZA](http://WWW.PATERNOSTERPROJECT.CO.ZA)



Joan Kruger

Die jaar 2020 het so belowend begin. Die Paternosterprojek NWO se middagprogram het uit sy nate begin bars. Daar was groot skenkings, van naaldwerkmasjiene en van boektrommels vol splinternuwe boeke. Die kinders het nuwe vaardighede aangeleer. Hulle het kennis gemaak met die rieldans en daar is met balletklasse begin. Planne vir 'n kafeteria-tipe eetruimte is afgerond. Die nuwe groep vrywilligers vir die herfskwartaal was gereed om uit Duitsland te vertrek.

Toe verander alles.

Paternoster word onder slot en grendel geplaas, soos die res van die land, soos die res van die wêreld. Maar eers, in die paar dae van grasie voor die Covid-19-inperking, moes die bestaande groep vrywilligers veilig terugkom in Duitsland. Party van hulle is net 'n paar uur gegun om op te pak, maar Maïke Reinhardt het daarin geslaag om hulle veilig by hul tuistes te kry voor die lughawens ook gesluit is.

Vir ons klein gemeenskap sou die inperking verwoestend kon wees. Restaurante, gastehuse en winkels moes sluit. Vissers is nie toegelaat om op see uit te gaan nie\*. Mense was binne 'n oogwink hul bestaan kwyt.

Die implikasies van die inperking het ons vir 'n oomblik platgeslaan. Geen inkomste vir broodwinners, beteken geen kos op die tafel vir die kinders. Met die skole wat gesluit is, is daar geen skoolvoeding meer nie. Ook nie meer vir die kinders wat gewoon was aan die goeie middagetes wat die Paternosterprojek by Hoopsig voorsien het nie. Voedselhulp het dwingend noodsaaklik geword.

Toe gebeur daar iets wonderliks. En Paternoster se mense ervaar 'n stroom van liefde en steun, hier plaaslik, sowel as uit Duitsland.

Die Duitse vrywilligers moes vertrek, maar die Stigting het Paternoster se mense nie aan hul lot

oorgelaat nie. Ons vriende in Duitsland het die hand na ons uitgereik. Christian Neuber, die stigter van Kinder fördern, Zukunft stiften, het dadelik aan die werk gespring en binne 'n paar dae honderde duisende rande ingesamel, waartoe hy self 'n aansienlike bydrae gelewer het.

Dit was net wat nodig was om 'n omvattende noodhulpskema onder leiding van die plaaslike lede van die Paternosterprojek van stapel te stuur.

“Die geld uit Duitsland help om ons mense aan die lewe te hou,” sê André Kleynhans, een van die plaaslike lede van die Paternosterprojek. André het omvattende ervaring van die logistiek van soortgelyke projekte en onder sy leiding is die behoefstigste gesinne bepaal en verspreidingskanale geopen. Kerk- en gemeenskapsleiers het hiermee bygestaan. Met behulp van 'n plaaslike sakevrou kon verpakking en verspreiding aangepak word. Inwoners soos Annie Clarke, wat al lank 'n sokkombuis in Hopland bedryf, het met die steun van plaaslike borge en ouers begin om tot 300 kinders en bejaardes elke dag van die week te voed. 'n Skenking van visvingers deur Sea Harvest, vasgeknoop deur Christian Neuber en Maïke Reinhardt tydens 'n vorige besoek, was 'n groot uitkoms.

Bemoedig deur die steun van oral vandaan het die mense van Paternoster, ou ingesetenes sowel as inkomers, saamgewerk soos nog nooit tevore nie. Die virus, wat ons dwing om ons van ander mense af te sonder en ver van mekaar af te staan, het ons soveel nader aan mekaar gebring.

Daar sal 'n einde kom aan die heerskappy van Covid-19. En die Paternosterprojek NWO is vasbeslote om so gou moontlik weer met die gewone program te begin. “Sodra die strengste beperkings opgehef is, sal ons opnuut aan die gang kom,” belowe Maïke. “Dit is vir ons van die grootste belang om weer maaltye vir die kinders in Hoopsig voor te berei. Timon Schatz, die langtermynvertegenwoordiger is gereed om teen die einde van Mei terug te vlieg na Paternoster en die vrywilligerspan vir die derde kwartaal staan gereed. Ons sal baie sterker as tevore uit hierdie krisis kom.” **PP**

\* Hierdie verbod is sedertdien verander sodat die vissers vir eie gebruik kan visvang.



FOTO: DUSTIN CORAZIN



“ Ons wil net die gemeenskap wys dat ons by hulle staan, en dat ons daar is vir mekaar, nou en wanneer dit alles verby is.” — CHRISTIAN NEUBER

## Die werk was nooit vervelig nie

**O**ns het met Sascha Tünnissen wat op 4 Augustus 2018 in Paternoster aangekom het gesels oor sy tyd as 'n vrywilliger vir die Paternosterprojek NWO. Hy vertel van sy ervaring as vrywilliger en van sommige van die uitdagings wat hy moes hanteer. Alhoewel sy tydperk by die Projek aan die einde van Februarie geëindig het, het hy in Suid-Afrika gebly. Hy beplan om nog 'n ruk in Kaapstad te bly.

### Wat het jou laat besluit om na Paternoster te kom?

Ek is gefassineer deur die idee om 'n vrywilliger te word nadat Christian Neuber my gevra het om hom te kom help om die Vrywilligershuis te voltooi. Ek het veral daarin belanggestel om met die binnekant van die huis te werk.

### Wat was jou indrukke van die mense en die plek nadat jy die eerste keer hier aangekom het?

O, al die mense was baie vriendelik en hulpvaardig. Ek het wel opgemerk dat die meeste kinders op straat was, maar die dorp self, hoewel klein, was baie lekker.

### En het hierdie eerste indrukke verander? Het jy gesien dat die Projek 'n impak op die kinders gehad het of dat enigiets ten opsigte van die kinders verander het?

Wel, die dorp self het nie verander nie; dis steeds klein, maar lekker. Ek het egter gesien dat al hoe meer kinders by die program aansluit. Dit kry hulle smiddae van die strate af – duidelik 'n groot, positiewe verandering.

Ek het dikwels na Hoopsig gegaan om te sien hoe passievol al die betrokkenes optree. Dit het my hoendervleis gegee om te sien hoe die kinders nuwe vaardighede aanleer, en veral die leesklasse geniet. Die vrywilligers het dit self ook geniet om iets te doen wat 'n verskil maak, en nodig is.

### Wat was jou rol by die Projek, en wat het jy gereeld gedoen?

Ek was hoofsaaklik daar vir die huise en die instandhouding, maar ek het soms ook met die program gehelp, soos om klein werkwinkels aan te bied wanneer een van die vrywilligers siek was, en hulle te help. Ek reken 'n mens sou kon sê ek het gehelp vure doodslaan wanneer nodig.

Ek was ook in beheer van die bou van Cathy's Café. Ingrid van Xpress-supermark het die meeste van die ontwerp gedoen, en ons twee het saam die idees vir die binnekant ontwikkel. Daarna het ons die regte benodighede gevind, soos teëls. Ek het toe die tafels gemaak met behulp van Brakkie, een van die Hoopsigkinders se pa. Hy is baie hulpvaardig en gee baie om vir die program.



Sascha Tünnissen

In my tyd in Paternoster het Hoopsig twee keer verhuis. Ek en die studentevrywilligers

het hard gewerk om hulle namiddagruimte van 'n gewone leefhuis te verander in 'n ruimte wat hulle nodig gehad het – insluitend 'n tuin. Dit was altyd 'n uitdaging, maar op die ou end het ons dit saam uitgewerk.

Ek het ook deurentyd toekomstige projekte met Christian en Maïke bespreek – een hiervan was die buiteginnasium. Dié projek sal ons eers kan voltooi nadat inperking verby is, en dit sal ook my laaste amptelike projek hier wees.

### Wat omtrent die vrywilligerwerk het jy geniet?

Dit was nooit vervelig nie! En om met soveel mense te werk, is altyd 'n aangename ervaring.

### Beskryf 'n paar van die belangrikste uitdagings wat die kinders en die vrywilligers moet oorkom.

Dis altyd moeilik om te sê, maar ek dink Paternoster self is een van hul grootste uitdagings omdat dit so 'n klein dorpie is. Om klein te wees, kan goed wees, maar dit veroorsaak ook probleme. Byvoorbeeld, om veranderings te maak, en dan die plaaslike mense sover te kry om hulle te aanvaar, is moeilik in so 'n klein plekkie.

Dit was aan die begin moeilik om die kinders uit die roetine te kry om net in die strate rond te dwaal, en hulle aan te moedig om 'n gereelde namiddagprogram by te woon.

### Hoe het die vrywilligers die program hanteer?

Dit was vir my baie spesiaal om die vrywilligers in die drie maande te sien verander. Hulle het as studente aangekom, en as volwassenes vertrek ná hulle tyd hier by die Projek in Paternoster.

### En wat, dink jy, sal die program baie help?

Ek dink dis regtig nodig dat baie meer Suid-Afrikaners betrokke raak. Niemand weet beter wat hier nodig is as die land se eie burgers nie.

### Wat sal jy die meeste mis van jou tyd hier in Paternoster as 'n daaglikse vrywilliger?

Ek dink moontlik die kontak met die baie verskillende vrywilligers wat elke drie maande by die program aansluit. Daar is altyd soveel verskillende karakters. Dis dikwels uitdagend, maar ek het dit altyd geniet.

### Het jy enigiets anders om ons te vertel?

Vanjaar sal hier 'n houer vol donasies uit Duitsland aankom vir die projek. Ek het dit deur my vroeëre besigheidskontakte gereël, dus sal dit gratis wees vir die stigting. Goedere word tans ingesamel, en in 'n pakhuis in Duitsland geberg. **PP**

*Sascha Tünnissen het skryfwerk bestudeer, het 'n Meestersgraad in Ekonomie, en besit 'n onderneming wat uitstallings en geleenthede reël, asook binnenshuisversiering doen. Dit heet Messebau Tuennissen. Op die vraag waarvan hy die meeste gehou het in sy tyd in Paternoster, het hy geantwoord: "Dit moet die see wees, en om te leer seil".*



# Paternosterprojek NWO stel nuwe spanlede bekend



In die lig van die baie veranderings waarmee ons tans te kampe het, sowel as die baie geleenthede wat ons wil skep om Paternoster se kinders toe te rus met lewensvaardighede vir hul toekoms, versterk ons ons direksie en lede met die volgende persone:

## Die nuwe direksie



**Dr Joan Kruger**  
SUID-AFRIKA

Sedert sy die leesgroepe in 2017 gestig het, het Joan die Paternosterprojek NWO ondersteun. Die leesklub het 'n eie identiteit as Storiehoek/Story Hook ontwikkel en 'n biblioteek is by Hoopsig ingerig. Daarby het ons met die dorpsbiblioteek begin saamwerk as bykomende tuiste vir Storiehoek. Joan is ook betrokke by die vrywilligers wat sy

onder meer Afrikaans leer, en reël werkswinkels.

Dit was haar liefde vir woorde wat tot Joan se loopbaan in die uitgewerswese gelei het, asook 'n D.Litt in taalkunde. Joan, 'n stigterslid van die uitgewery Tip Africa Publishing, is steeds betrokke by verskeie uitgewersprojekte. Sy het behalwe verskeie gedenkboeke, die 'biografie' van Tafelberg geskryf – 'n verhaal wat oor 500 jaar strek.



**Dr Muller Coetzee**  
SUID-AFRIKA

Muller, 'n siviele ingenieur en omgewingspesialis, bring 'n rykdom aan ervaring na die raad van die Paternosterprojek NWO. Muller het 'n PhD in omgewingsbestuur en hulpbronne-ekonomie, en word beskou as 'n baanbreker in die akwakultuurbedryf. Hoewel hy gedeeltelik afgetree het, het hy aangehou om werk te doen wat fokus op volhoubare ontwikkeling en omgewingsnavorsing en -bestuur.

Die Paternosterprojek NWO is bevoorreg om Muller as raadgewer te hê wat kan help om die pad vorentoe te beplan. As direkteur van die Projek, hoop Muller om by te dra tot die skepping van 'n omgewing wat vroeëkinderopvoeding sal verbeter, en vir Paternoster se kinders 'n beter toekoms in die vooruitsig sal stel sodat hulle uit armoede kan ontsnap.

## Die nuwe Projekbestuurders



**Janette du Toit**  
SUID-AFRIKA

Janette wat aangestel is as projekbestuurder vir die fasilitering en koördinerings van die hoogs ambisieuse kinderdorp van die

Paternosterprojek NWO, is nie iemand wat skrik vir moeilike uitdagings nie. Janette het meer as twee dekades ondervinding in sosio-ekonomiese ontwikkeling, kus- en mariene wetgewing, bewaring en bestuur, plaaslik sowel as op die hoogste internasionale vlak.

Heel van die begin af was Janette in verskillende hoedanighede betrokke by die Paternosterprojek NWO, insluitend die fasilitering van jaarlikse internasionale konferensies.



**Dustin Coraizin**  
SUID-AFRIKA

Dustin het op Paternoster grootgeword. Hy is 'n buitengewone jong leier wat nie slegs op akademiese gebied uitmunt nie, maar

ook sterk voel oor die lotgevalle van jong mense. Hy is grootgemaak deur 'n formidabele moeder, Esmerelda Coraizin, haar suster, Aniska, en die sterk vroue van die gemeenskap. Hy werk tans aan 'n Meestersgraad in die Opvoedkunde, en gee onderwys by Rietbosch, 'n laerskool in Cloeteville, Stellenbosch.

As konsultant vir opvoedkundige programme, tree hy op as opvoedkundige adviseur vir die Paternosterprojek NWO se vrywilligeronderwysers.



**Hedwig Slabigh**  
SUID-AFRIKA

Hedwig, die nuwe Paternoster-tuinbestuurder, is iemand wat geesdriftig veldkos en plante soek en versamel. Sy beskik oor 'n diepgaande kennis

van inheemse plante, veral dié wat eetbaar is. Hedwig is 'n raadslid van die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika – iemand na wie sjefs, kosskrywers en planthistorici hulle vir raad wend. Die afgelope jaar het Hedwig – bygestaan deur Duitse vrywilligers, die tuinier Jeff Kruger en die kinders – daarin geslaag om die tuin by Hoopsig aan die gang te kry.

Die tuinsessies sluit meer in as die plante. Lewendige bespreking oor gesonde eetgewoontes en die beste plaagbeheermethodes word ook aangemoedig.

**U kan al die spanlede van die Paternosterprojek NWO vind by [www.paternosterproject.co.za/about](http://www.paternosterproject.co.za/about).**



ANKER BUILDERS of EXCLUSIVE HOMES  
ANKER BOUERS van EKSKLUSIEWE HUISE  
[www.ankerbuilders.com](http://www.ankerbuilders.com)

*Paternoster is ons tuisdorp*



André Kleynhans +27 (0)83 480 4930  
[paternoster@absamail.com](mailto:paternoster@absamail.com)

Hannes Kleynhans +27 (0)72 1544 701  
[hannes@ankerbuilders.co.za](mailto:hannes@ankerbuilders.co.za)

<https://m.facebook.com/AnkerBoukontrakteurs/>  
[www.ankerbuilders.com](http://www.ankerbuilders.com)





“ Ek kan terugkyk op ’n wonderlike en baie leersame ervaring, en ’n eens onbekende wêreld wat my tuiste geword het.” — CARO ZOBEL, LANGTERMYNVRYWILLIGER

Caro Zobel was 14 maande in Paternoster nadat sy ’n graad in Bedryfsekonomie en Gesondheidsorgbestuur behaal het. Sy was die Projek se langtermynvrywilliger. Dit was haar passie om die kinders lewensvaardighede te leer, en hulle vir die toekoms voor te berei.

## My tuiste in die vreemde

**T**oe ek net meer as ’n jaar gelede op Paternoster aangekom het, het ek nie geweet hoe ver my reis my sou neem nie. Ek was nuuskierig en gemotiveerd, en het ook uitgesien na wat vir seker ’n opwindende nuwe hoofstuk in my lewe sou wees op die suidpunt van Afrika. Maar terselfdertyd het ek onseker gevoel, want dit was ’n onbekende, nuwe wêreld wat ek sou betree.

Vol afwagting het die avontuur op Paternoster slegs een week nadat ek my graadkursus voltooi het begin. Nou, 14 maande, vyf verskillende spanne, meer as 110

kinders, vier seisoene en ’n hele aantal gebeurtenisse later, kan ek terugkyk op ’n wonderlike en baie leersame ondervinding, en ’n eens onbekende wêreld wat my tuiste geword het.

### LANGTERMYNVRYWILLIGER

As langtermynvrywilliger is jy verantwoordelik vir ’n verskeidenheid take, soos om korttermynvrywilligers in te lig oor hul take en hulle te koördineer, die organisasie van gebeurtenisse, en bo alles, die beplanning en inwerkingstelling van die daaglikse program. Jou taak is veelsydig met groot verantwoordelikheid, want jy is die kontakpersoon vir die baie belanghebbendes wat by die projek betrokke is, Na ’n ruk word jy ook onderwyser, vertroueling, moederfiguur, konfliktussenganger, verpleegster, skoonmaker, organiseerder en iemand wat vermaak moet verskaf. Bowenal word jy ’n rolmodel.

### SPAN

Die Paternoster Vrywilligerprojek sou beslis nie so uniek gewees het as soveel toegewyde persone nie bereid was om die daaglikse werk saam met en vir die kinders te doen nie. Dit is ’n baie spesiale situasie waarin agt jong mense met agtergronde wat aansienlik verskil, elke kwartaal saamwerk om dieselfde doel te bereik. Dit was fassinerend om die geleentheid te hê om by te dra tot die groepdinamiese ontwikkeling van vyf verskillende spanne.

### KINDERS

Met hul onuitputlike energie, geesdrif en soms wilde gedrag, is dit bowenal die kinders wat aan Paternoster sy baie spesiale aard gee. Dit was dikwels die onbeduidende oomblikkies saam met die kinders wat gemaak het dat ek hulle so ongelooflik liefgekry het. Selfs al het hulle my kragte tot die uiterste beproef, was dit sulke oomblikke wat my gehelp het om te groei, en die werk so vervullend gemaak het.

### GEMEENSKAP

My ervarings in die gemeenskap het my daaraan herinner dat ek só dankbaar moet wees. Hierdie besef saam met die projekvisie “om die jeug van Paternoster toe te rus vir die toekoms, en die plaaslike erfenis te bewaar”, het my gemotiveer om vir die kinders van Paternoster ook gelukkige herinneringe te skep. Daarbenewens word hulle in staat gestel om hulle op hul toekoms in Paternoster voor te berei deur nuttige vaardighede te verwerf.

“When we see the face of a child, we think of the future. We think of their dreams, about what they might become, and what they might accomplish.” (Aartsbiskop Desmond Tutu)

Uit die diepte van my hart: “Baie, baie dankie, vir alles!” — CARO ZOBEL **PP**

## ’n Brief van ’n ma:



Hallo, ek is Caro Zobel se ma. Sedert Oktober 2018 was Caro as ’n langtermynvrywilliger lid van die Paternoster Vrywilligersprojek. Ek reis nie per vliegtuig nie; dus was

ek nooit op Paternoster nie, maar ek wil die projek graag ondersteun. Ek geniet dit self baie om naaldwerk te doen, dus wil ek vyf naaldwerkmasjiene skenk sodat die kinders en jong mense kan leer om dit te gebruik, en dit hulle hopelik aanmoedig om hierdie vaardigheid so goed te kan gebruik dat hulle ’n bestaan daaruit kan maak. Ek sal ook voortgaan om die projek finansiëel te ondersteun.

Beste groete aan die kinders en die span op Paternoster.



— SABINE FISCHER-ZOBEL



“ Ek het graag bygedra, want kinders in Afrika het ons steun nodig. Die werk wat Christian en sy stigting vir hulle doen, is bewonderenswaardig!” — AXEL POESCHMANN



## Paternoster-voedselveldtog stil inwoners se honger tydens die inperking

**A**lmal wat Paternoster ken en liefhet, het geweet dat plaaslike vissers en hul gesinne bitter swaar sou kry tydens die COVID-19-inperking.

Die regulasies om die pandemie te stuit, het baie swaarkry vir die gemeenskap gebring. 'n Beperking is op alle visvangbedrywighede geplaas, en restaurante en gastehuse moes toemaak.

Vir baie huishoudings wat van die hand in die tand leef, het dit beteken dat daar geen manier was om kos op die tafel te sit nie.

'n Bekommerde groep inwoners van Paternoster wat verbonde is aan die Paternosterprojek NWO, kon nie net toekyk en niks doen terwyl die behoeftes van hul bure groter geword het nie. Hulle het dus besluit om die Paternoster-voedselveldtog te loods om die nood van die behoeftigste gesinne te verlig. Die Paternoster Peoples' Partnership het ook 'n geldinsamelingsveldtog begin.

Daar is ongeveer 750 huishoudings in Paternoster, waarvan sowat 600 nie hulself sou kon voed tydens die inperkingstyd nie. Na beraadslaging met persone wat ervaring het van noodleniging in krisistye het die groep op die volgende benadering besluit:

- 1 Elke huishouding wat voedselhulp nodig, sou 'n basiese kospakkie met voorraad vir 'n week ontvang (in sommige gevalle twee weke).
- 2 Die inhoud van die pakkie sou teen kosprys by 'n kleinhandelaar gekoop word wat hulp belooft het. Die koste van elke kospakkie sou tussen R250 en R400 wees, en sou droë goedere sowel as vars groente bevat, genoeg vir 'n gesin van vyf. Die inhoud is sorgvuldig uitgesoek vir verskeidenheid, en om 'n gebalanseerde dieet te verseker. Dit het ook stapelkos wat plaaslike mense verkies ingesluit.
- 3 Gerespekteerde kerk-/gemeenskapsleiers sou die behoeftige huishoudings identifiseer, en die kos direk by hulle aflewer.
- 4 'n Gereelde verslag sou uitgereik word oor die getal kospakkies wat versprei is, en hoeveel geld vir die veldtog ontvang is. 'n Volledige audit van alle ontvangste en uitgawes ten opsigte van die veldtog sou op versoek beskikbaar wees.

Die projekteleiers het gewerk op die veronderstelling dat die behoefte minstens vier weke sou voortduur, en bereken dat hulle hiervoor sowat R600 000 sou benodig.

### WAT HET SOVER GEBEUR ?

Ons het goeie nuus. Danksy die milde skenkings wat tot dusver ontvang is (ontmoet die sleuteldonateurs van die Paternoster-voedselveldtog op bl. 8), kon die groep (teen 16 April) kospakkies aan 237 van die behoeftigste huisgesinne in Paternoster skenk. Hulle het vertel van die desperaatheid wat hulle ervaar, maar ook gesê hoe dankbaar almal is wat hierdie lewenslyn ontvang het.

Die gemeenskap soek egter nie net skenkings nie; maar is ook aktief



## “Die koronapandemie beïnvloed mense op alle kontinente.

Duisende het reeds gesterf. Die mense ... veral die kinders -... in Paternoster vir wie ons lief geword het, is skielik weer op hul eie sonder ons vrywilligers se hulp. Behoeftige mense het tans nie genoeg kos nie. Ek het dus vanselfsprekend aan die fondsinsamelingsprojek deelgeneem wat nie net die spesifieke mense in Paternoster in hierdie tyd help nie, maar sal aanhou om daar te wees vir hulle.”

—DAGMAR FREITAG



“Danksy die wonderlike ondersteuning van ons Duitse vriende en die Duitse vrywilligers en hul families, kan ons die lot van die hulpbehoewende inwoners van Paternoster verlig, selfs tydens die pandemie, en kon ons ’n bewonderenswaardige voedingsprogram organiseer. Alhoewel hier tans geen vrywilligers is nie, is die stigting wel teenwoordig om die behoeftigste mense te help waar die nood die grootste is. Dankie aan julle almal. Ek was nog nooit so trots op die prestasies van ons stigting nie.”

— CHRISTIAN NEUBER

## “Ek ken en verstaan die doelstellings van die Duitse stigting en die Paternosterprojek NWO, en ek is daarvan oortuig dat dit korrek is.

Voorsiening van sorg, voedsel en opvoeding aan kinders in Suider-Afrika is nie slegs ’n humanitêre taak nie; dit sal ook op medium- of lang termyn in die belang van die nasie wees. Dit is waarom ek graag tot die Projek bydra.”

—BERNHARD KOCH-HEINTZELER

besig om hulself te help. Annie Clarke van die vissersgemeenskap bedryf al (met behulp van plaaslike borge) ’n paar jaar ’n sopkombuis, en sy kon die getal etes wat sy verskaf vermeerder. Honger kinders kom elke dag hiernatoe met hul bakkies en ouers kom help om die kos voor te berei en uit te deel. Toe die inperkingstyd verleng is, het die Oep ve Koep-personeel nog drie sopkombuise begin, met behulp van die Paternoster Peoples’ Partnership.

Sedert die aankondiging van die verlengde inperking, is sekere streng maatreëls effens verslap, en is die vissers is toegelaat om vis vir eie gebruik te vang. Hierdie vis word met bure gedeel, en help om die grootste nood te verlig.

## HOE HELP ONS DUITSE FAMILIE?

Hoewel die plaaslike lede van die Paternosterprojek NWO die verantwoordelikheid dra om kospakkies aan gesinne te voorsien wat dit die nodigste het, en die plaaslike “tannies” die sopkombuise bedryf, word almal tot die uiterste beproef.

Dis hier waar Paternoster se Duitse familie ’n rol speel. Hulle is nie nou hier om die las te help dra nie, en warm etes aan kinders wat kom aanklop te gee nie, maar hulle staan ons steeds by met hul donasies.

Daarom kan die Paternosterprojek NWO met groot dankbaarheid verklaar dat R300 000 reeds deur die Duitse Stigting, Kinder fördern, Zukunft stiften ingesamel is. Hierdie geld word tans gebruik vir die Paternoster-voedselveldtog.

Die Paternosterprojek-NWO beskou alle donateurs en vriende van die projek as deel van hierdie “familie sonder grense”, en ons is opreg dankbaar vir alle hulp wat (veral gedurende hierdie pandemie) ontvang word.

Uit die diepte van ons harte, sê jul Suid-Afrikaanse familie: “Dankie!” **PP**

## OPROEP OM ONDERSTEUNING

**Ondersteun asseblief die Paternoster-voedselveldtog, en help die gemeenskap om deur hierdie sorgwekkende tyd te kom.**

Jou donasie sal nie slegs gesinne in nood voed nie, maar hulle ook laat beseft dat hulle nie alleen is nie. Dankie dat julle ons toelaat om op jul goedhartigheid te vertrou.

Let asseblief daarop dat die voedingsinisiatief by Hoopsig soos gewoonweg sal voortgaan wanneer die inperking verby is, selfs wanneer daar nie vrywilligers in Paternoster is nie.

**Om ’n skenking te maak:  
Paternoster Project NPC  
Nedbank  
Rekeningnommer: 1146942400  
Universele takkode: 198765**



**Ons weet almal hoe belangrik dit is dat kinders kos het sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik.**

Om hierdie rede het ons besluit om visvingers te skenk wat twee keer per week gebruik kan word om 'n smaaklike ete voor te berei vir die

begunstigdes van die Paternosterprojek NWO. Hierdie visvingers is propvol Omega 3 en proteïen. Navorsing het bewys dat visvingers breinfunksies, veral geheue, leerprosesse en breinontwikkeling, verbeter. Hierdie inisiatief voorsien ons ook van 'n groot geleentheid om te help met voedselsekerheid in ons buurvissersdorp, Paternoster."

— TERENCE BROWN, VOORSITTER SEA HARVEST STIGTING

**“Die inisiatief om die kinders van Paternoster in hierdie tyd te help, het van ons eie kinders gekom. Ons het geweet ons geld sou korrek en verantwoordelik gebruik word, in die konteks van die Paternosterprojek NWO.”**

—DR MARTIN ARNEGGER

## Ontmoet die sleutelrolspelers wat bydra tot die Paternoster-voedselveldtog

**H**ier volg inligting oor die sleuteldonateurs van die voedingsinisiatiewe. Nie almal kan met die praktiese uitvoering help nie, maar hierdie mense en organisasies staan agter die Paternoster-voedselveldtog – omdat hulle omgee:

### • Plaaslike mense wat help

Annie Clarke, gesteun deur 'n aantal plaaslike mense, bedryf die sokkombuis in Hopland, en gemeenskapslede onder leiding van Vanessa Abrahams en Marius Cloete, help om die kospakkies te verpak en te versprei.

### • Die Paternosterprojek NWO/Paternoster Project NPC

Die plaaslike direkteure van die Paternosterprojek NWO het gehelp met die organisasie en ander aktiwiteite van die Paternoster-voedselveldtog tydens die krisis. Waardevolle gratis logistieke en ander dienste is deur Anker Trust gelewer om die gemeenskap aan die gang te hou met kospakkies en 'n sokkombuis.

### • The Kinder fördern – Zukunft stiften

Die stigting staan hul Paternoster-familie by deur geld vir kos (tot dusver R100 000), te skenk, want hulle kan nie tans vrywilligers verskaf nie. Die geld kom van mense wat na-aan Paternoster voel.

### • Christian Neuber, stigter van die Paternosterprojek NWO

Hy het 'n waardevolle persoonlike donasie van R200 000 gemaak

### • Sea Harvest

Die maatskappy het 80 kg visvingers vir die kinders se middagete-voedingsprogram by Hoopsig geskenk.

### • Paternoster Peoples' Partnership

Hulle skenk kontant (R33 000) en produkte (ter waarde van R14 500) vir die algemene kospakkies.

### • Anonieme helde

Daar is mense wat uitmuntende werk doen ten opsigte van die verkryging en verpakking van voorraad, maar hulle het gevra dat ons hul name nie noem nie. Ons erken hul reusebydrae en loof hulle.

En ... baie dankie aan almal wat so mildelik geskenk het. Gaan na bl. 19 om te sien wie hulle is.



MEET THE



# FISH FINGERS

**Captain Crisp**  
Always golden  
at crunch-time.

**The Incredible Hake**  
The leanest,  
meanest, protein.

**Omega Mind**  
Big on Omega,  
Big on Brain power



**NEW**

**YOUR MEAL  
TIME HEROES**







## Uit die boonste rakke

DEUR JOAN KRUGER

**B**oeke vir Afrika! Trommels vol daarvan! En ons was skaars in hoofstuk een van die nuwe jaar toe dié groot geluk ons te beurt val.

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging laat weet: Hulle het twee boektrommels wat hulle wil skenk, een aan die kleintjies van die Educare-sentrum en een aan Storiehoek se biblioteek. Splinternuwe boeke ter waarde van R16 000! Daarby kom hulle 'n voorleeswerkswinkel aanbied vir ouers en belangstellendes.

Lalie Beneke, Paternoster se bibliotekaresse, stel die biblioteek beskikbaar en dit word 'n feestelike en interessante oggend. Danksy die Duitse vrywilligers wat na die kleinspan omsien, kan die Educare-personeel ook die werkswinkel bywoon.

Sprekers van die ATKV, Mandie Ehlers en Chareldine van der Merwe, gee waardevolle wenke, oudskoolhoof Lukas Hanekom praat oor die waarde van moedertaalonderrig, en digter David Jantjies gryp ons aan én laat ons lag.

Een van die sprekers, Shemoné Bokhary, medeskrywer van die *Zoey*-boeke en verbonde aan die ArcelorMittal Wetenskapsentrum op Saldanha, word daar en dan uitgenooi om by Storiehoek aan te sluit. Sy besit die verstommende vermoë om kinders aan haar lippe te laat hang. Watter voorreg om so 'n begaafde opvoedkundige in aksie te sien. In die kwartaal wat voorlê, sal Shemoné twee middae per week die kinders speel-speel met maritieme wetenskap laat kennis maak – goeie voorbereiding ook vir ons besoek later aan die Twee Oseane-akwarium.

Die groot aantal kinders wat nie hul skoolopleiding voltooi nie, vir haar is 'n ernstige bekommernis. “Ons weet die kinders van Paternoster se liefde vir die see loop diep en dis waar ons wil begin. Maritieme wetenskap is 'n baie interessante veld, en ons wil hulle bewus maak van loopbaangeleenthede wat moontlik vir hulle kan oopgaan as hulle kennis en ervaring in hierdie rigting opbou.”

Dit is altyd lekker om nuwe vrywilligers by Storiehoek te verwelkom. Magdaline Gomez het pas deel geword van die plaaslike vrywilligers wat saam met die geesdriftige lesertjies by die biblioteek lees. Dis waar die breiwerk inkom: kinders kan mos brei, en terselfdertyd lees en luister!

Ons doelwit bly om 'n stewige biblioteek by Hoopsig op te bou, met boeke wat die kinders sal geniet. Danksy die Paternoster Verjaardagkalender wat steeds te koop is, kon ons vanjaar 'n lekker stapel nuwe boeke aanskaaf. Baie van dié boeke het die see as tema en is daarop gemik om kinders bewus te maak van die rykdom van hul omgewing.

Die laaste hoogtepunt op ons boekekalender voor die COVID-19-inperking was die opening van die Wes-Kaapse biblioteekweek wat hier in Paternoster se gemeenskapsaal gehou is. Die burgemeester van die Saldanhabaai Munisipaliteit, raadslid Marius Koen, het die hoofrede gelewer en dit beklemtoon dat biblioteke die plekke is waar die gemeenskap saamkom om kennis in te win en hul ervarings te deel oor wie hulle is en wat hulle wil wees. Ek is uitgenooi om die verhaal van Storiehoek te vertel, te praat oor die rol wat dit in die kinders se lewens speel, en te verduidelik hoe dit met ons plaaslike biblioteek skakel.

Hoewel die biblioteekweek kortgeknip moes word, raak die kleintjies van die Educare-sentrum almal se harte met die liedjies wat hulle kom sing, in Afrikaans, Engels, Xhosa en Duits. Hulle kry elkeen 'n boek present.

Nog 'n geslag boekwurms is reg vir lees. **PP**

“**Ons weet die kinders van Paternoster se liefde vir die see loop diep en dis waar ons wil begin.**” — **SHEMONÉ BOKHARY**





“Terwyl ons gewerk het, het ons dikwels gehoor hoe die kinders skaterlag en gil, want hulle het soms op slakke, wurms, af en toe ’n skerpioen en skerp dorings afgekom.” —HEDWIG SLABIGH

## Tuinprojek

**D**ie Tuinprojek by Hoopsig was nie die maklikste taak nie. Onder leiding van Hedwig Slabigh, is dit gesien as ’n jaar lange projek om eers net te bepaal of dit haalbaar was, en om te verstaan wat so ’n groot projek prakties alles sou behels.

Die gebied wat vir die projek gebruik is, was ’n groot bestaande tuin wat sowat vyf jaar lank erg verwaarloos is. Daar was spesifieke dele en ou vrugtebome wat sorg benodig het. Die tuin was in ’n swak toestand, maar 2019 was ’n wonderlike jaar vir tuinmaak. Hedwig het gesê: “Die kinders het die tuinwerk goed gedoen en dit geniet. Elke kwartaal het hulle en die vrywilligers geesdriftig aan die werk gespring. Almal het hul bes gedoen.

Een van die mees gedenkwaardige oomblikke van 2019 was die heerlike slaai wat die kinders van kruie, kropslaai en eetbare blomme uit die tuin gemaak het. Groot bosse pietersielie is gepluk en vir die huisvroue gegee om in hulle viskoekies te gebruik. Ons sal ook nie die oes van sappige beet wat die kinders uit saad gekweek het vergeet nie.

“Terwyl ons gewerk het, het ons dikwels gehoor hoe die kinders skaterlag en gil, want hulle het soms op slakke, wurms, af en toe ’n skerpioen, en skerp dorings afgekom,” het Hedwig gesê.

Toe die Desemberavansie aanbreek, was daar slegs kruie en ’n bietjie mielies wat moes natgegooi word, maar dit was nogal moeilik, want die weer was uiters warm en winderig. Dustin en ’n paar ander het hul bes gedoen om die plante aan die lewe te hou, maar teen die tyd dat die eerste kwartaal vanjaar begin het, het ons net ’n paar basiese soorte kruie oorgehad – en natuurlik baie onkruid! **Kyk na die tabel langsaan om te sien wat die Tuinprojekspan in die eerste kwartaal van 2020 uitgerig het – voordat die nasionale inperking ingestel is.**

Nadat die inperking beëindig is, wil die span ’n gedeelte van die tuin meer beskut maak teen die somerwinde en ook ’n deel voorberei waar hulle plantjies uit saad kan kweek. “Ons hoop dat party familieledes van ons klein tuiniers ook soms sal kom hand bysit sodat ons tuin kan gedy,” het Hedwig gesê. Plaaslike mense het ook al genoem dat hulle ongebruikte dele van die tuin wil gebruik.

Die winterreënseisoen het pas begin, en die vrugtebome sal hopelik water kry, die sade van kruie sal ontkiem, en onkruid sal welig groei ... dit is mos maar die beloop van die lewe! **PP**



## Ons 2020 -Tuinprojekjoernaal

Alexi Wirth, ’n Franse vrywilliger, het die jaar begin deur:

- 1 Onkruid te verwyder (of “bad erbs” soos Alexi dit noem).
- 2 Nuwe beddings te maak vir tamaties, basiliekruie, groenrissies, en murgpampoentjies.
- 3 Die aankoop van ’n sprinkelbesproeiings-toestel. Dit help om die tuin genoeg water te gee, en om ons self ook af te koel!
- 4 Nuwe gewasse te plant en saad te saai, en ’n grenadella-rankplant te plant (die grenadella het baie opgewondenheid veroorsaak).

**MAAR TOE TREF DIE RAMP ONS:** Diere, waarskynlik wildsbokke, het begin om snags die plante in die tuin op te vreet; dit is nie omhein nie. Ons moes toe met ’n ander plan vorendag kom:

- 1 Ons het plante in potte geplant en vir die kinders ’n pot gegee om huis toe te neem en daar vir die plante te sorg.
- 2 Die verskuiwing van die oorblywende plante na 20-literverfemmers wat op hoër stutte geplaas is om te verhoed dat die bokke dit snags opvreet.

**TOE HET DIE NASIONALE INPERKING BEGIN:** Die plante en houer is na Jeff Kruger se huis in Hopland geskuif waar party kinders daarmee kan help.





**As jy kan help deur balletuitrustings te skenk, stuur e-pos aan: [mvpharo@gmail.com](mailto:mvpharo@gmail.com)**



## Die liefde vir dans bring baie vreugde

DEUR JOAN KRUGER

**P**aternoster se kinders geniet dit baie om te dans. Sodra die musiek aangeskakel word, straal die gesiggies en begin hulle dans.

Toe hulle sien hoe talentvol die kinders op hierdie gebied is, het die organiseerders beseft dat ballet ongetwyfeld deel moes word van die namiddagprogram. Maar hoe?

Dis toe dat Marilyn Pharo in ons lewens verskyn het.

Marilyn is 'n opgeleide balletonderwyser met dekades lange ervaring. Toe sy na Paternoster verhuis het, het sy die Paternosterprojek NWO goedgunstiglik haar dienste aangebied.

Die proses om een vertrek in 'n balletateljee met speëls aan teenoorgestelde mure te omskep, was besonder opwindend. Marilyn het haar eie oefenbalk verskaf. Oudisies is gehou, en sy is beïndruk deur wat sy gesien het. "Daar is soveel potensiaal onder die kinders. Ek weet hulle baat baie daarby om hierdie kunsvorm te beoefen," het Marilyn gesê.

Marilyn bied elke week twee klasse by Hope View/Hoopsig aan vir twee verskillende ouderdomsgroepe, en Brian Willemse, 'n geesdriftige danser woon albei by. "Hy will net soveel moontlik leer. Hy is só talentvol, en ek wil hom graag op alle vlakke aanmoedig," het Marilyn gesê.

In haar klasse volg Marilyn die Royal Academy of Dance (RAD) se metode, en gebruik onderwystegnieke wat sy oor die jare heen gevestig het. Sy het op 'n jong ouderdom met ballet begin, en opleiding ontvang in sowel die Cecchetti- as die RAD-metodes. Nadat sy professioneel gedans het, het Marilyn balletonderrig begin gee by privaat ateljees in Vredenburg/Saldanha, Kaapstad en Plettenbergbaai.

Marilyn wil graag die nodige balletuitrusting vir die kinders aanskaf, want sy reken dit sal beslis hul geesdrif aanwakker. **PP**

## Die riel kom uit die siel

**R**ioldansers weet hoe om te dans dat die stof so staan. En in Januarie vanjaar kom wys die Boesmanland Bitterbessies van Loeriesfontein toe vir die mense van Paternoster hoe die ding gedoen moet word!

Die Boesmanland Bitterbessies is al 'n hele paar keer as die land se kampioendansers aangewys. Gaste by die Voorstrandt-restaurant, sowel as omstanders uit die dorp, het hul twee uitvoerings op die strand gate uit geniet. Die groep se leier, Maria Klaaste, het verduidelik dat vervloë dae se jagters en herders by spesiale geleenthede, en ná 'n suksesvolle jagtog om die vuur gedans het om uitdrukking te gee aan hul vreugde. Die riel vertel stories deur middel van dans, en die dansers boots met hul houdings

en vlugvoetigheid diere soos bobbejane, volstruise en meerkatte na.

Die riel is ook 'n vlerksleepdans en kleurryke klere (rooi velskoene en hoede met swierige volstruisvere vir die mans; uitklokrokkies vir die meisies) is net soveel deel van die dans as die ingewikkelde voetwerk en die tradisionele musiek.

Die idee om die dansers van Loeriesfontein in die Noord-Kaap uit te nooi, het gekom van Ester Schoeman, een van die Storiehoek-"tannies", bygestaan deur nog 'n plaaslike vrywilliger, bibliotekaresse Lalie Beneke. Hulle het gereël dat die Bitterbessies 'n spesiale werkswinkel vir die kinders van die Paternosterprojek se middagprogram by Hoopsig aanbied. Ons talentvolle jongspan het die danse gou onder die knie gekry, en lekker stof opgeskop saam met die Duitse vrywilligers, Franziska Broschek en Alexi Wirth. **PP**





# Hou hierdie ruimte dop

**O**ns het 'n week se restourasiewerk vir na die eerste kwartaal beplan, maar te wyte aan die koronavirus moes ons alles uitstel tot die derde kwartaal.

Die restourasie-idees word daarop gemik om die beskikbare ruimte beter te gebruik, en die namiddagprogram by Hoopsig meer aantreklik en gestruktureerd te maak. Dit sal die vlak van ons opvoedkundige program verhoog.

Ons beplan dus om julle oor ons planne in te lig, met die hoop dat julle ons sal ondersteun met skenkings ten opsigte van die verbeterings wat ons wil aanbring. Hopelik sal dit nie te lank wees voor ons weer aan die gang is, en met die restourasiewerk aan Hoopsig kan begin nie.

Wens ons voorspoed toe met ons restourasieplanne. Ons hoop werklik ons sal daarin slaag om dit deur die loop van die derde kwartaal gou af te handel.

## ONS HET HULP NODIG!

Laat ons asseblief weet as jy skenkings kan maak ten opsigte van gereedskap wat ons sal benodig vir die restourasiewerk.

Kontak die stigting by [kontakt@stiftung-kinder-foedern.de](mailto:kontakt@stiftung-kinder-foedern.de) of stuur 'n boodskap deur ons webwerf [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za).

## HOOPSIG:

VERTREK OF AREA WAT VERANDER WORD	TAAK	GEREEDSKAP/MATERIAAL BENODIG
Kosarea	Bou 'n dak oor die nuwe kosarea sodat middagete hier bedien kan word tydens enige weerstoestand.	Eenvoudige oplossing: Afdak of Ingewikkelde oplossing: Ronde pale, dakrakke (hout), daklatte, beton, ronde staalpale, verskillende skroewe, sowat. 50 m <sup>2</sup> sinkplaat
Tandeborselarea	Skep 'n geskikte plek vir die kinders om hul tande te borsel.	Teëls, vierkantige pale, wasbakke, spieëls, krane, inlaat/uitlaatpype, seëls en konneksies, silikon, teëkleefstof, kables, lampe, skakelaars, omtrent 2 m <sup>2</sup> sinkplaat, verskillende skroewe
Kombuis	Verbeter die kombuis sodat dit aan gesondheids- en veiligheidstandaarde voldoen.	Teëls, kombuisverf, teëkleefstof, silikon, verf vir kaste, multipleksplate as rakke in die kaste, foelie vir verseëling van planke, verf vir kombuiskaste/deure, LED-lampe en steunarms vir die plafon, nuwe tafellaai vir bediening van kos, smal toonbank vir bediening van drinkgoed
Badkamer en toilet	Opgradering vir meer higiëniese toilette, sonder los teëls wat kan afval en breek	Verf, teëls, teëkleefstof, spieëls, wasbakke, spatels, silikon, krane, in- en uitlaatstelsels (pype, seëls), toilet, toiletbak
Danskamer	Skep 'n gepaste plek vir ballet en dansklasse.	Nuwe spieëls, steunarms en agterste panele vir spieëls, verf
Nuwe kunshandwerk-kamer	Bou 'n nuwe kamer vir werksessies.	Klippe, sement/pleister, mengsel om oppervlak gelyk te maak, verf, 1 deurraam, 1 deur, kabel, ligskakelaar, LED-lamp met arms
Studeerkamer en huidige kamer vir kunshandwerk	Berei dit voor sodat alle onderrig hier kan plaasvind, onder andere huiswerklesse, Duits, bordspeletjies en so meer.	Voorhamer, stortbak, materiaal vir vloer, verf, skryfbord, 3 kaste vir wegbêre van werkwinkelmateriaal
Voorportaal	Maak grond gelyk.	Gebruik van 'n klein masjiengraaf
Heining rondom huis	Beveilig die Hoopsigterrein.	Heining (omtrent 50 m), geskikte hek vir die heining, beton, ronde staalpale
Tuinheining	Beskerm die tuin teen diere en ongenooide gaste.	Ronde houtpale, beton, sifdraad
Jeugkamer	Maak die leestyd in "vrye tyd" aangenamer en meer toeganklik.	Vierkant, dakrakke, materiaal vir vloer, verf, glasuur en vernis, verskillende skroewe, boontjiesakkies, matrasse, ligte
Sitkamer/huidige kosarea	Skakel om in 'n kamer vir die aanbieding van werkwinkels.	Verf, rakke, verskeie skroewe
Intermediêre kamer	Skep pakruimte vir klere tydens die program en die namiddagprogram.	Sluitkaste (120 stukke), lamineermateriaal vir vloer, skroewe en ankers vir die muur, kleur
Bokskamer	Versamel toerusting vir die bokswerkwinkel.	Slaansakke, muurklampe vir sakke, 10 paar bokshandskoene, verf, deurslot
Garages	Voltooi die Build-It garage, naaldwerk-garage en pakkamer.	Nuwe garagedeure, muurstene, sementtroffel, spatels, verf, rakke, traliedeure en klamp
Build-It Garage	Versamel toerusting vir Build-It-werkwinkel	Nuwe gereedskap en benodigdhede, 10 koordlose skroewedraaiers, beitels, bore, verskeie sae, skuurpapier, skroefklampe, handskoene, gewone skroewedraaiers
Buitekant van huis	Opgradering van beligting en verfwerk.	Verf (wit en oranje), spatel, borsel, roller, bedekking vir vloer tydens verfwerk, buiteligte (vir snags)
Vensters	Herstel die stukkende vensters.	Nuwe ruite, rame, silikon, gom

“ Die kinders het die eerste werkswinkel terdeë geniet, en ons kan sien dat naaldwerk ’n groot sukses vir die namiddagprogram gaan wees.”



## Doen self naaldwerk

**E**en van die doelstellings van die Paternosterprojek NWO is om die kinders ’n geleentheid, en die toerusting, te gee om waardevolle lewensvaardighede te verwerf. Toe die Sewing Garage in Februarie 2020 voltooi is, en die eerste naaldwerkklas aangebied is, was ons almal baie in ons skik. Die garage is gerestoureer deur Timon, die huidige langermynvrywilliger, Brakkie (pa van een van die programkinders) en ’n vroeëre korttermynvrywilliger, Mareike Konz. Die Sewing Garage is reg langs die nuwe Build-It Garage en dit bevat vyf nuwe naaldwerkmasjien wat geborg is deur Carolin se ma (sien bladsy 5). Daar is plek vir sewe kinders op ’n slag.



Wanneer ’n mens instap, sien jy die naaldwerkmasjien op ’n groot tafel in die middel van die garage, asook al die bykomende materiaal, soos gare, materiaal en skêre wat in die kaste langs die muur gebêre word.

Die werksessies wat in Februarie begin het, bied kinders in graad 4 tot 7 die geleentheid om naaldwerk te leer doen. Hoewel dit ’n vaardigheid vir ouer kinders is, het baie van die jonger kinders al vir ons gesê dat hulle nie kan wag dat hulle beurt moet kom nie. Ons plan is dat een van die plaaslike vrywilligers verantwoordelikheid vir hierdie werkswinkel moet aanvaar en dit dan gereeld aanbied.

“Gedurende die tyd dat ek die naaldwerkklasse aangebied het, kon ek baie wonderlike oomblikke met die kinders deel. Aanvanklik het hulle gesukkel om noukeurig aandag te gee, en lang rukke stil te sit, maar dit het gou verbeter,” het Mareike gesê. “En hulle het soveel geesdrif vir elke les gehad en was trots op hul skeppings.”

Wat was hul eerste projek? Die kinders het ’n sak, ’n poskaart met ’n katoenhart daarop en ’n klein, blou vissie met watte opgestop gemaak. Hulle het die eerste werkswinkel terdeë geniet, en ons kan sien dat naaldwerk ’n groot sukses vir die namiddagprogram gaan wees.

Nie slegs is naaldwerk ’n lewensvaardigheid wat potensieel tot toekomstige werksgeleenthede kan lei nie, maar die program sal die kinders ook leer dat hulle hul eie klere kan herstel, ontwerp en maak. Dit is ’n belangrike les, veral in die huidige tyd waarin ons soveel ekonomiese stres beleef en daar soveel omgewingsbesoedeling plaasvind. Ons moet volhoubaar leef, in plaas daarvan om gedurig nuwe goed te koop.

En wie weet, miskien kom daar toekomstige modeontwerpers uit hierdie werksinkels te voorskyn... **PP**





## 'n Baie gelukkige Valentynsdag

**V**alentynsdag is met groot geesdrif hier by Hoopsig gevier. Op 14 Februarie het Alviro Kearns (Graad 9) 'n "prettdag van liefde" vir die kinders gereël. Almal is genooi, en gevra om rooi klere te dra. Hulle sou feestelik getrakteer word op 'n modevertoning en baie lekkernye.

Alviro het in Oktober 2016 met die Hoopsig-namiddagprogram begin, en was altyd passievol daarvoor om betrokke te wees. Aan die begin van verlede jaar het hy Vredenburg toe gegaan waar hy by die hoërskool begin het, maar gelukkig het sy betrokkeheid by die Projek nie daar opgehou nie. "Ek wou steeds deel wees van die lewensvaardigheidsprogram by Hoopsig, al is ek nou in die hoërskool," het hy gesê. Daar is toe besluit om meer verantwoordelikheid aan hom te gee, en verlede jaar in Maart is aangekondig dat hy die eerste Juniorvrywilliger sou wees.

Alviro ondersteun die namiddagwerksessies – dans en bordspeletjies is sy gunstelingaktiwiteite – en hy help oral waar nodig, dikwels ook met die pligte tydens middagetes. Alviro het baie moeite gedoen met die Valentynsdagviering, en dit was 'n groot sukses. Die vrywilligers het dit baie geniet, maar vir die kinders was dit nog groter pret! Dit sal 'n gereelde gebeurtenis moet word. **PP**



### SKENKINGS BENODIG

**Die Build-It Workshop benodig tans 10 koordlose skroewedraaiers vir die kinders. Dit sal 'n reuseverskil maak, en die werk aan die projekte waarmee hulle binnekort gaan begin baie vergemaklik. Kontak ons as jy in staat is om 'n skenking te maak!**



### Belowende projek wag op voltooiing

'n Opwindende ontwikkeling by Hoopsig is die ekstra ruimte van 'n garage wat gerestoureer word om smiddae as 'n werkswinkel te dien. Dit sal vir die Build-It Workshop gebruik word. As gevolg van die onbeplande, dringende vertrek van alle vrywilligers as gevolg van Covid-19, is die werkswinkel nog nie voltooi nie.

In die Build-It Workshop sal 'n 10 meter lang werktafel wees (wat Timon Schatz self gemaak het), verskeie kaste, en pakruimte vir hout en ander boumateriaal. Die tafel is klaar, maar die ligte, elektrisiteit en Build-It-gereedskap word nog benodig.

Die doel van die Build-It-werksinkels is dat kinders die geleentheid gebied word om te leer hoe om klein voorwerpe te bou en te herstel. Die garage is groot genoeg vir 10 kinders, met genoeg ruimte vir hul eie tafels en projekte, en hulle sal basiese vaardighede verwerf, soos om met 'n koordlose boor of 'n saag te werk.

Dit is belangrike vaardighede om te verwerf vir hul eie lewens, en om moontlik in 'n toekomstige beroep te gebruik. Kinders wat belangstel, kan deur middel van hierdie opleiding selfs later werk kry by een van die konstruksie maatskappye (soos Anker Bouers of Paternoster Forge – wie se bestuurders die Paternosterprojek NWO daadwerklik ondersteun).

Die Build-It Workshop was reeds aan die gang as deel van die namiddagprogram, maar as hierdie nuwe ruimte bygevoeg word, sal die verskeidenheid vaardighede wat verwerf kan word, hopelik uitgebrei word. **PP**



## Werk sessies waartydens kinders hul vaardighede wys

**O**ns ondervinding met kinders het ons geleer dat hulle baie graag vir hul ouers en onderwysers wil wys wat hulle kan doen. Dit beteken nie dat hulle net aandag wil trek nie; hulle wil hê hul geliefdes moet trots wees op hul prestasies. Dis tog iets wat ons almal wil hê, nê? Ons het dus besluit om 'n Hoopsig KidsHouse Opedag te hê, waarop die kinders se ouers en familieledede die kans ou kry om te sien wat die kinders elke dag by Hoopsig doen.

Die eerste Opedag is op 14 Maart by Hoopsig gehou. Die doel daarvan was om te wys wat gedoen word tydens die namiddagprogram en al die werk sessies wat ons smiddae vir die kinders aanbied.

Ons het sowat 90 uitnodigings aan ouers in Kliprug en Hopland gestuur, waar byna al die kinders woon, en 50 kinders en 10 ouers het die opedag bygewoon. Ons het gehoop die opkoms sou beter wees, maar hopenlik sal meer ouers volgende keer in staat wees om te kom.

Op die dag het ons gewys wat tydens die verskillende werk sessies gedoen word: dans, skeppende werk, nuwe produkte skep uit nuttelose artikels, joga, basketbal, teken, naaldwerk, en so meer. Die kinders het die geleentheid gehad om hul ouers na die vertrekke te neem waar die werk sessies gehou word, ten einde deur middel van 'n kort, voorbereide aanbieding te demonstreer wat gedurende elkeen van hierdie programme gebeur.

Die hoogtepunt van die geleentheid was 'n groot dansuitvoering deur die dansgroep van Franziska Broschek. Die uitvoering is voorberei vir die Suid-Afrikaanse Biblioteekweek, wat later in die week sou plaasvind. **PP**



**“ Die hoogtepunt van die geleentheid was 'n groot dansuitvoering wat die dansgroep van Franziska Broschek vir die Suid-Afrikaanse Biblioteekweek voorberei het.”**







## Geniet die samesyn en smaaklike kos

**V**erlede kwartaal se ete vir vrywilligers en crèche-personeel, wat elke kwartaal gehou word, is op 11 Maart gehou. Die tradisionele Suid-Afrikaanse geregte wat bedien is, het snoek, kreef en poeding ingesluit. Die meeste hiervan is (soos julle seker kon raai) op die braairooster voorberei!

Daar word gesê dat om saam met ander mense te eet, 'n manier is om verhoudings te versterk, en respek vir mekaar te kweek – veral tussen verskillende kultuurgroepe. Wel, ons doen dit nou al 'n geruime tyd by die Paternosterprojek, en ons glo dat dit beslis waar is. Dit is ook 'n prettige, ontspannende manier om mekaar se geselskap te geniet, en ons spangees te versterk. Ja, om goeie kos saam te geniet, is meer as om net jou maag te vul!

Nadat hulle geëet het, het die onderwysers en vrywilligers lekker saamgekuier, en daar was ook 'n ander spesiale bydrae: Die onderwysers het tradisionele Xhosa-klere en -grimeermiddels vir al die vroue gebring om aan te trek en aan te wend – onderwysers en vrywilligers. Dit was groot pret!

Volgende kwartaal sal dit 'n Duitse ete wees wat die vrywilligers sal aanbied. Ons sien daarna uit om te hoor wat daardie aand op die spyskaart was! **PP**



**“Die tradisionele Suid-Afrikaanse geregte wat bedien is, het snoek, kreef en poeding ingesluit. Die meeste hiervan is (soos julle seker kon raai) op die braairooster voorberei!”**

## Afrikaans van hart tot hart

DEUR JOAN KRUGER

**P**raat met my in 'n taal wat ek verstaan, en dit bereik my denke. Praat met my in my moedertaal, en jy raak my hart.

Dit het wyle president Nelson Mandela goed verstaan. En die jong Duitse vrywilligers het dit ook gou ingesien toe hulle moes kommunikeer met die jonger kinders in hul sorg, asook met ouer mense wat nie Engels verstaan nie. Dit sou gaaf wees as hulle ook Afrikaans kon praat.

Aan die begin was dit net die langtermynvrywilligers wat Afrikaans geleer het – totdat Timon besluit het almal moet die taal leer praat. Esmerelda Coraizin neem dus die helfte van die vrywilligers onder haar vleuels, en die ander drie kom sit om ons eetkamertafel.

Die kinders en dorpenaars het hul deel bygedra, en dit was nie lank nie toe is die hele dorp 'n klein taallaboratorium. Sommer gou kon die studente hul eerste Afrikaanse sinne sê – en heelwat meer verstaan. Die plaaslike mense het die pogings bewonder en waardeer.



Vir my was die weeklikse gespreksklasse met die slimkoppe, Sarah Mohr, Shpresa Kelmendi, en Franziska Broschek, 'n hoogtepunt. Ons het begin met die gewone taallesse, maar gou oorgegaan na gediggies en stories.

En daar kry hulle my toe sprakeloos met hul afskeidsgeskenk: 'n handgeskrewe boekie, die Duitse weergawe (hul eie vertaling) van *Die Singende Klip*, 'n pragtige plaaslike sprokie. Dit is mos nou iets wat 'n mens se hart laat sing! **PP**

## Tuiskoms

**L** Lydia Krüger was van April tot Junie 2019 'n vrywilliger van die Paternosterprojek

NWO. Op 6 Maart vanjaar het sy teruggekeer na Paternoster en drie dae gebly. Sy het nie besef dat hierdie besoek vir haar so spesiaal sou wees nie. Ons het met Lydia oor haar kort kuiertjie gesels.

### Hoekom het jy teruggekom?

Ek het die land so lief dat ek wou terugkom om die kinders by die Paternosterprojek NWO, en natuurlik ook die vrywilligers, te sien.

### Hoe het dit gevoel om terug te wees?

Ek kon dit nie glo nie. Tydens die rit tussen Vredenburg en Paternoster het dit vir my gevoel ek is op pad terug nadat ek kruidentersware gaan koop het. Maar alhoewel die dorp net so mooi gelyk het, het alles tog effens anders gevoel.

### Waarheen het jy eerste gegaan?

Vrydag het ek reguit na Hoopsig gegaan toe dit tyd was vir die namiddagwerkswinkel, en toe ek daar rondstap, het sommige van die kinders my selfs herken en op my naam geroep.

### Dit moes jou spesiaal laat voel het.

Ja, dit het. Dit het my werklik gelukkig gemaak om hulle te sien, veral omdat hulle ook bly was om my te sien.



### Hoe was dit om terug te wees by Hoopsig?

'n Mens is nooit alleen wanneer jy by Hoopsig is nie; daar is altyd 'n kind wat op jou skoot sit. Die kinders het vir my gesê hulle mis die musiekwerksessie wat ek aangebied het baie. Dit het my baie gelukkig gemaak, maar aan die ander kant het ek ook treurig gevoel dat dit nie hierdie kwartaal op die skedule is nie.

### Wat anders het jy gedoen?

Op die Sondag het ek 'n plaaslike gesin tuis besoek. Ek wou die baba sien wat gebore is nadat ek Paternoster verlede jaar verlaat het. Hulle was só verbaas om my hier te sien – en dat ek by hul huis vir hulle kom kuier het. Ons het uitgegaan vir koffie, en lekker gesels oor die tye wat ons saam deurgebring het.

Sondagaand het ek die vrywilligers by die Vrywilligershuis besoek. Ons het hoofsaaklik oor die verskillende en soortgelyke ervarings gesels wat ons gehad het toe ons werk vir die Paternosterprojek gedoen het.

### Wat is een van die moeilikste dinge ten opsigte van vrywilligerwerk?

Ek dink dit is moeilik om te weet of die dinge wat jy doen reg is, en of jy 'n verskil maak in die kinders se lewens. Jy wonder soms of die moeite wat jy vir die projek doen, 'n impak op die kinders het, of dalk nie. Om terug te kom hiernatoe en met die kinders te praat, het my dus 'n goeie perspektief gegee oor wat hulle onthou van die tyd wat ek saam met hulle deurgebring het, en tot watter mate die passie vir die namiddagaktiwiteite gegroei het. Ek weet ook wat belangrik is vir hulle. **PP**

*Lydia is terug in Duitsland waar sy 'n kursus doen in primêreskoolonderwys. Sy kon tydens haar besoek nie baie tyd in Paternoster deurbly, maar sy sê sy sal beslis eendag terugkom na haar geliefkoosde vissersdorp. En ons kan nie wag nie!*

## GESOEK: Programbestuurder (m/v)

Die Paternosterprojek NWO is op soek na 'n deeltydse programorganiseerder wat die spanne en aktiwiteite van ons Lewensvaardigheidsprogram sal koördineer, vir kinders van graad 1 tot graad 7. Hierdie program word elke weksdagnamiddag in ons huis vir die kinders, HOOPSIG/HOPE VIEW, in die middel van Paternoster, aangebied deur ons span Duitse en plaaslike vrywilligers.



Die Paternosterprojek NWO is 'n nuwingsgewende organisasie wat in 2016 gestig is. Ons perseel is in die hart van Paternoster, waar die studentevrywilligers tydens hul verblyf in hierdie vissersdorpie aan die Weskus van Suid-Afrika tuisgaan.

Ons doel is om die kinders van Paternoster 'n stewige fondament te gee om te kan ontwikkel sodat hulle in staat gestel word om suksesvol en volhoubaar in Paternoster – of waar hulle ook al verkies – te woon en te werk.

**TIPE WERK:** 12-maandekontrak (hernubaar), deeltids (25 uur per week)

**BEGIN DATUM:** 1 September 2020

### OPVOEDKUNDIGE VEREISTES:

- 'n Gepaste kwalifikasie in opvoedkunde
- Minimum 5 jaar ondervinding as 'n opvoeder
- Ondervinding in organisering, fasilitering en koördinerende van 'n span wat projekte moet implementeer.

**VERGOEDING:** Gebaseer op die subsidie van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

SLUITINGS-  
DATUM VIR  
AANSOEKE

31 Julie  
2020

Vir 'n volledige posbeskrywing en aansoekvorm, gaan na: [www.paternosterproject.co.za/jobs](http://www.paternosterproject.co.za/jobs)



## Donasies aan die Paternosterprojek NWO: 1 November 2019 tot 23 April 2020



Hierdie spaarbussie, "Kids' House", is ontwerp deur Dianne Heesom-Green. Dit is 13 x 12 x 10 cm groot en word deur die Paternosterprojek NWO aan restaurante, winkels en hotelle in Paternoster verskaf om geld in te samel. Indien jy een benodig, kontak ons gerus via ons webtuiste.

### GELDELIKE SKENKINGS

*Uit Duitsland:* Schatz Family, Zisler Family, Felix Mühlbauer, Dagmar Freitag, Sascha Tünnissen, David Rees, Freundeskreis unterm Fernsehturm, Wilma Büge, adquarter GmbH, EARSANDEYES GmbH, Prof. Lars Uwe Bleyer, Gruen+Koeder GmbH, Jörg Saabel.

*Uit Suid-Afrika:* Bernard Rhodes, Andre Kleynhans, Sanet Langenhoven, Dave Westbrook, Marie Keller, Susan & Steve.

### BOEKE

Margret en Detlef Nath en hul gemeenskap, Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging.

### NAALDWERKMASJIENE

Zobelfamilie.  
(Duitsland)

### VOEDINGSDONASIE VAN ONS DUITSE VRYWILLIGERS EN FAMILIES

Maria Limoli, Luisa Neuburger, Linus Kleb, Anna-Maria Stotz, Shpresa Kelmendi, Caroline Arnold, Nora Nickolaus, Caro Zobel, Olga Schuschugov, Katharina Hege, Katharina Kapp, Ann-Katrin Lambert, Nicky de Villiers, Lisa Scheffer, Jan van Berg, Silke Stober, Rebecca Zschoche, Vanessa Hofheinz, Sarah Piecuch.

### ETENSTAFELS EN BANKIES

Eicherfamilie.  
(Duitsland)

### VOEDING VIR PATERNOSTER

Christian Neuber, Snjezana Brkic, Oliver Greune, John Gray, Zeljko Berden, Karin Schweizer, Dr. Michael Horn, Alessia Calabro, Diana Limoli, Pierre Sowak, Giuseppe Limoli, Sascha Schumacher, Birgit Meixner, Daniela Nickolaus, Sabine Ahlborn, Julius Kleb, Wolfgang Eichler, Nunzia Gioia, Michaela Meisel-Kleb, Thomas Konrad, Vanessa Hofheinz, Katja Hohl, Ulrike Eichler, Yannik Woserau, Peter Meisel, Johannes Arnold, Gabriele Herrmann, Sigrid Spieles, Lisa Wolf, Patrick Freiberg, Margot Görs, Oliver Zisler, Elena Taneva, Lena Lababida, Johannes Bayer, Monika Beck, Ramona Denis, Julian Jehle, Eric Thünemann, Esther Hoffmann, Roswitha Langer, Kirsten en Thomas Neuburger, Maria Barbanti, Lisa Spieß, Claudia Van Berg, Ulrich Zobel, Marius Häffner, Katrin Neuber, Lampe+Kollegen GmbH Steuerberatungsgesellschaft, Manfred en Ursula Sparr, Nicole Günzler, Björn Seemann, Claudia Martinez Aldana, Peer Hartog, Doris Weable, Regina Holzkämpfer, Gerda Bier, Poessnecker Ursula, Axel Poeschmann, Martin Arnegger, Nadine Hansen, Dagmar Freitag, Sigrun Kaiser, Bernhard en Christine Koch-Heintzeler, Christoph Eckert, Bernd Stotz, Michael Broschinski, Stephanie Dostal, Katharina Schmid, Johannes en Susanne Hauenstein, Michael Broschinski, Heiderose Freiner, Barbara Luz-Neuber, Prof. Dr. Karin Vogt, Chefs from Oep ve Koep, Katharina Schmid, Dr. Raimund Baumann, Anna-Maria Stotz, Kobus Pienaar, Annelize van Zyl, Stephanie Dostal, Anker Trust, Maria Harder.



**OM 'N SKENKING TE MAAK:**  
Paternoster Project NPC  
Nedbank  
Rekeningnommer: 1146942400  
Universele takkode: 198765

# 4<sup>de</sup> PATERNOSTERPROJEK NWO KONFERENSIE

Sal plaasvind in Oktober 2020  
by Gelukkie, Paternoster, Suid-Afrika

*Besonderhede sal volg op [www.paternosterproject.co.za](http://www.paternosterproject.co.za)*



“Om die jeug van Paternoster toe te rus vir die toekoms,  
en om die plaaslike erfenis te bewaar.”

PATERNOSTER PROJECT NUUS · UITGEWER: CHRISTIAN NEUBER · REDAKTEUR: SHANNON LATIMER · ONTWERPER: ASTRID ROWE  
PROEFLESER (ENGLS): BRONWEN LATIMER · VERTALER EN PROEFLESER (AFRIKAANS): MARIANNE PEACOCK

**Paternoster Project NPC**  
**Nedbank**  
**Rekeningnommer: 1146942400**  
**Universele takkode: 198765**

*Indien jy 'n bydrae wil lewer tot die werk wat onder Paternoster se kinders  
gedoen word en betrokke wil raak by hierdie positiewe verandering, sal jou  
skenking van goedere of geld opreg waardeur word. Vir meer inligting oor  
wat presies nodig is, besoek [www.paternosterproject.co.za/donate](http://www.paternosterproject.co.za/donate).*